


## Waar ons Piekers speel.

Picadilly Circus is een van Londen se spilpunte. Spioene kry mekaar glo by die fontein, die stad se inwoners se kuiers begin dikwels daar en toeriste kom vergaap hulle. In Piekadillie kom spéél die Piekers. Hierdie vertrek is Huis Piek se eie Germistonstasie, voorheen 'n half verlore ruimte tussen die hysbak en haarsalon op die benede-grondvloer. Deesdae is dit 'n plek waar huisgenote mekaar raakloop en spontaan 'n legkaart kom bou, 'n prent kom versier of aan 'n knipselboek werk.

Piekadillie se inspirasie het vroeër vanjaar in Delmas begin, waar Annemarie Gerrits en Christelle Crous gaan huis oppas het. Hulle is vlytige lede van Huis Piek se breiklub en albei se kreatiwiteit het nóg uitlaatkleppe gesoek. Annemarie maak kunstige plakboeke vir haar kinders en kleinkinders wat hulle familieherinneringe kleurryk uitbeeld. Christelle maak 'n verskeidenheid notaboeke, mooi goeters en prentrame met 'n silwerafwerking wat gewild is by die markte in Huis Piek se omgewing.




Vir albei, soos vir baie inwoners, was hulle kamers net té knap vir hulle stokperdjies. Terug by die huis het hulle heel eerste gaan "konsulteer" met Greta van Rensburg, Piek se bestuurder wat nooit nee sê vir geesdrif en nuwe idees nie. Greta se "ja" was konkreet: die kamer se mure was kort voor lank 'n sonnige liggeel geverf, laaikaste en tafels en rakke is ingedra. Koppe is saamgesit en Suzette Elias se kwas het "Piekadillie" in 'n vrolike naambord omgetower. Die naam is 'n plesierige woordspeling met die "Piek" van Huis Piek en "dillie" vir die lekkerkry waarvoor die ruimte ontwerp is.




Annemarie se bokse vol knipselgoedjies het tuisgekom. Op Piekadillie se rakke staan houers vol tierlantyntjies, verf wat die reënboog sal laat dans, kwaste, gom, jêmblikke wat smeek om versier te word, selfs 'n klein versameling boeke en tydskrifte vir diegene wat inspirasie soek.



Die legkaarte wat al lank eenkant op een van die rakke stof vergaar het, kom nou tot hulle reg. Daar is enige tyd van die dag ’n paar legkaarters aan die bou. Terselfdertyd sal iemand anders ’n pot verf of ’n prent met diamantplakkers (“diamond dots”) maak, of Suzette sal haar sprekende klippe beskilder.




Piekadillie is ’n oop, gesellige ruimte waar mense nie noodwendig baie gesels nie. Dis ook nie staties nie. Die tafels en kaste verander kort-kort van posisie, amper soos ’n hond wat eers ’n paar maal in die rondte draai voor hy sy lê kry.

Die drie voorvroue van Piekadillie het nóg heelparty drome. Hulle mymer oor kleipotte verf, “sip ’n paint” (’n kwashaal per slukkie iets ...), geleenthede waar ons kan leer om ons eie knipselboeke te maak. Piekers kan net hulle talente bring en opnuut leer speel.

**HUIS HJ PIEK**

**085-628-NPO**

Middelstraat 153; NIEUW MUCKLENEUK 0181
012 460 6231/2 bestuur@huispiek.co.za